### *Die idees van Borus oor die aard van die mens*

**93** **Die owerste** sê: "Dit sal ons wel sien, want binne die aardse verhoudinge het die mensdom nog altyd slegter in plaas van beter geword! Wat stel Moses en al die groot profete nou nog voor? Ek sê vir julle: In die sogenaamde gegoede kringe lag mense daaroor en mense beskou hulle weliswaar as vroom, maar as totale sinnelose fabeltjies vir die gees van die mens en die mens slaan die leer van Pythagoras en Aristoteles baie hoër aan as al die profete! Dit is dan `n duidelike bewys dat die wet van JaHWeH, hoe verhewe en waar sy oorspronklik ookal was, tog beslis nie die mense bereik wat haar inhoud wil bereik nie!

[2] Wat help alle openbaringe, as dit nie vir altyd voorsien word van konkrete middele om die mense `n onverfloude respek in te boesem vir die goddelike openbaring nie? Laat `n ouerpaar maar net probeer om hul kinders sonder straf op te voed, dan sal ons maar al te gou ondervind hoeveel ontsag die onmondige kinders vir die nog so wyse en goeie lesse van hul ouers sal hê!

[3] Daarom gee ek geen lesse en selfs wette, as dit nie aan die mense gegee kan word sonder bybehorende sanksies nie, want die mens is in sy aard sleg en moet die roede voel om goed te word!"

[4] **Borus** sê: "In die opsig is ek dit heeltemal met jou eens, maar daar bly tog `n groot probleem, wat jy eers sal leer ken as jy uit Sy eie mond `n les daaroor sal kry!

[5] Weet jy, as ons die meganika sien waarmee `n bepaalde werk verrig word, dan sal ons eers verbaas wees. Verklaar iemand ons egter die meganiese werking daarvan, dan sal ons dadelik `n aantal onvolmaakthede ontdek en ons vingers sal letterlik begin jeuk om die kennelike onvolmaakthede te verbeter. Dan gaan ons na die meesterkneg en gee hom raad.

[6] Maar die meesterkneg sal dan glimlag en ons ongetwyfeld so toespreek: 'Beste vriende, dit kan wel so wees - maar dit is tog nie moontlik nie, want die masjien hou rekening met baie belangrike punte! Die opdraggewer het haar vir sy behoefte bestel; en vir hierdie behoefte is slegs die huidige sigbare inrigting korrek en waar, en elke toevoeging sou die masjien duidelik benadeel! Die masjien hoef slegs `n bepaalde krag te oorwin en moet daarom geen groter krag hê as wat vir die bepaalde doel nodig is nie. Sou `n mens haar kragtiger maak, dan sou die wewer daarmee met elke slag sy drade breek en so ook maar geen el produk per dag kan produseer nie. Daarom moet die masjien vir die doel waarvoor hy gebou is, presies die vorm hê wat hy het, en alles wat meer of minder is, is foutief aan die masjien! Ag, as die masjien eers deur langdurige gebruik verslete raak, dan word dit weer tyd om hom weer in die oorspronklike staat terug te bring, sodat hy weer aan sy doel kan beantwoord.'

[7] Kyk, dit sal die verstandige meesterkneg aan ons uitlê, en beide van ons sal ten slotte tog vir mekaar moet sê: Die meesterkneg het gelyk, want elke meester moet sy werk tog beter ken as so `n paar nagemaakte meesters soos ons! En `n ongeveer eenderse antwoord sou ons in die opsig van JaHshua, die Meester kry as ons Hom vra hoe dit moontlik is dat die mense in die teenwoordigheid van die goddelike wysheid tog nog so duiwels sleg kan word!

[8] Wat weet ons van die innerlike en van die geaardheid van die mens af? Dikwels sou ons wil vloek waar die Meester nog rojaal seën! Want ons besef nóg die goeie nóg die slegte volkome.

[9] Al is `n mens hoe goed, tog het hy in `n meerdere of mindere mate selfsug in sy hart. Daarmee beoordeel hy dan ook steeds sy medemens, en hy reken hom altyd eerste en liefste alle fout toe, as hy dinge doen waardeur hy dink dat hyself benadeel sal word. Omdat elke ander mens egter ook selfsugtig is, beoordeel alle mense almal verkeerd. Hierdie misvatting veroorsaak wedersydse ontevredenheid, en vervolgens ergernis, nyd, toorn en nog meer sulke eienskappe.

[10] Wie anders as die mens is dus skuldig aan die slegter word van die mensdom? Daarom slyt die lewensmasjien ook na verloop van tyd en moet sodoende ook deur haar verhewe Meesterkneg van tyd tot tyd herstel word en so nou en dan selfs weer van die grond af opgebou word.

[11] En so `n tyd van algehele herstel blyk nou, na meer as duisend jaar, aan te gebreek het. Daarna sal die beter deel van die mense weer vir `n ruk saamgaan; maar vir meer as hoogstens tweeduisend jaar sal die herstelde mense nie meer saamgaan nie, en in die hiernamaals sal dit ons nie ontgaan dat dit sal gebeur wat ek nou vir jou gesê het nie!"

[12] **Die owerste** sê: "Nou, ek komplimenteer jou! Jy is `n waardige leerling van jou Meester! Ek sien nou al dat ek voorlopig nie teen jou in die ware wysheid opgewasse is nie. Maar ek sal alle moontlike moeite doen om dit met behulp van my beste vriend Giwar in `n kort tyd sover te bring dat ek oor dergelike sake met jou oorleg kan pleeg, want met die huidige tempelwysheid van Jerusalem kom `n mens hier kort - wat nie te verwonder is nie, omdat die huidige tempelwysheid ook nie baie voorstel nie!"

### *Borus genees `n besetene*

**94** Terwyl die owerste glimlaggend hierdie opmerking maak, bring `n paar inwoners uit die stad `n sieke wat al baie jare besete was. Omdat hy egter arm was, durf sy familielede nie vir hulp by `n dokter aanklop nie en durf hulle hom ook nie na My toe bring nie, omdat `n bose gerug by `n aantal inwoners die rondte doen dat wie hom deur My laat genees, sy siel aan Beëlsebul verkoop het! Ook oor Borus vertel die mense iets dergliks, want van hom sê die mense dat hy sy duiwelskunste by My geleer het!

[2] Toe **Borus** dan ook die reeds bekende besetene sien, met sy dom vriende wat hom bring, sê hy vir hulle: "Nou toe nou, wat besiel julle om hierdie sieke na my toe te bring? Wat het hy julle dan aangedoen dat julle hom nou aan die duiwel wil oorlewer?"

[3] **Beide** sê: "Meester, ons weet nou beter en het hom daarom na u toe gebring!"

[4] **Borus** sê: "Wie het julle dan beter ingelig?"

[5] **Beide** sê: "Meester, juis hulle wat ons baie lank reeds ingehok het in die dom waan waarin hulle ons geleer het en waarin hulle ons vasgehou het!"

[6] **Borus** sê met `n glimlag: "Ek verstaan dit! Maar wat moet ek dan nou met hierdie besetene doen? Want sy kwaal het hom as gevolg van julle domheid in hom verhard, en nou as gevolg van julle swak geloof sal dit moeilik wees om hierdie mens te help!"

[7] **Beide** sê: "Meester, as ons geloof swak was, dan sou ons die sieke nie na u toe gebring het nie!"

[8] **Borus** sê: "Goed, laat ons dan sien wat Elohim se Krag in die mens kan doen!" - Toe stap Borus met ontblote hoof na die sieke en sê hardop: "Ek wil dat jy in die Naam van JaHshua, die ewige Meester, gesond word. Wees dus gesond en wees van nou af aan vry!"

[9] Op daardie oomblik word die besetene heeltemal gesond en gee Elohim die eer dat Hy die mens so `n krag gegee het.

[10] Maar Borus loof Elohim ook hardop, gee die geneesde man en beide sy vriende ryk geskenke en laat hulle twee en die geneesde man eet en drink aan die tafels van die gaste.

[11] Toe kom **die owerste** na Borus en sê: "Dit sou ek regtig nie by jou verwag het nie! Dat die Naam van JaHshua `n besondere krag het, waarvoor, soos wat ek dit duidelik ondervind het, selfs die magte van die onderwêreld baie eerbied voor het, het ek vandag in die sinagoge gesien; maar dat ook liggaamlike siektes, van watter aard ookal, hulle voor hierdie Naam moet buig, dit sien my oë nou eers hier. Helaas, agter hierdie JaHshua moet nog baie meer steek as slegs maar `n profeet wat na EliJaH trek, want deur Sy Naam is `n sieke, sover ek weet, nog nooit genees nie! Oor hierdie Naam, beste vriende, sal ons nog baie met mekaar praat!"

[12] Na hierdie woorde gaan die owerste na die geneesde man en vra hom of hy nou heeltemal beter voel!?

[13] **Die geneesde man** antwoord: "So gesond soos wat ek nou is, was ek my hele lewe lank nog nie gewees nie - en ek is al vyftig - dan is ek tog wel genees, dink u nie ook so nie!?"

[14] Die owerste prys hom en gee hom `n mooi goudstuk.

[15] Maar **die geneesde man** skuif dit terug met die woorde: "Meester, daar is hier in Násaret nog baie armer mense - gee dit aan hulle! Ek kan nou werk, en dit is vir my genoeg rykdom!"

[16] **Die owerste** sê: "Dit is nou eers onbaatsugtig. Ek het dit regtig nie van jou verwag nie! Wel, ek is owerste van die sinagoge hier in Násaret en van die hele Galiléa en het my verblyfplek hier en nie in Kapernaum nie; jy sal dus wel weet waar om my te vind as jy ooit in nood mag verkeer!"

[17] **Die geneesde man** sê: "Daar is maar weinig goeie mense en daarom moet elke arme weet wie hulle is en na hulle toe gaan as hy hulp nodig het! Ek dank u vir die aanbod. As ek hulp nodig het, sal ek beslis na u toe kom."

[18] Na hierdie woorde staan die drie op, die geneesde man en sy twee helpers, dank Borus en die owerste en gaan blymoedig terug na hul huis. Hulle gehuurde woning het `n paar honderd treë buite die stad gestaan, net soos My huis, soos wat dit bekend is, ook buite Násaret gestaan het, maar dan net aan die teenoorgestelde uitgang.

[19] Na die voorval in die huis van Borus praat mense nog lank daaroor en die geselskap gaan eers na middernag uitmekaar. Moeder Mirjam bly nog as gas by Borus, waar hulle goed versorg word en baie troos ondervind. My twee oudste broers, wat tuis gebly het, sorg vir die hele huishouding en Borus verskaf hulle alles wat hulle ook maar nodig het. En so lewe My vriende in Násaret in goeie eendrag saam tydens My persoonlike afwesigheid, en hou hulle oordag besig met My, My leer en My dade, waarvan hulle self getuie was.

[20] Die nuwe owerste ondersoek alles steeds meer intensief, maar hy vind niks wat sy argwaan bevestig nie. Hy was naamlik ook van die mense wat `n geheue gehad het soos `n sif en vergeet altyd wat hy belowe het. En daarom het Giwar en Roban elke dag nuwe moeilikhede met die origens brawe mens gehad, wat altyd baie regverdig wil wees en handel, maar daarby altyd twyfel tussen allerlei beginsels van reg en onreg, want hy vra maar altyd wat nou eintlik 'regverdig' is.

[21] En ook al toon mens hom duisendmaal duidelik aan dat die eintlike reg nêrens anders uit kan bestaan as slegs maar uit die lewe van die mens volgens die gebod van Elohim nie, dan verstaan hy dit die een dag baie goed, maar `n dag later het hy alweer soveel verstandelike oorweginge daarteen, dat Giwar dit dikwels baie moeilik mee het om alles te weerlê. En Giwar het nou verstaan waarom Ek vir hom gesê het dat hy die owerste steeds goed in die gate moes hou omdat hy nog lank nie heeltemal te vertrou is nie.

[22] Die krag van My Naam maak nog die meeste indruk op die owerste. As hy dikwels onuitstaanbaar word, dan kan Giwar hom weer die beste op die goeie weg help deur My Naam te noem. Maar Borus het die meeste invloed op hom gehad en kry hom altyd vir minstens `n paar dae sover dat hy vas in My Naam glo.

[23] Dit is so in die algemeen wat die Násareners gedoen het nadat Ek op reis gegaan het. Maar nou gaan ons weer terug na Myself en dít wat Ek na My vertrek in die aand uit Násaret verder gedoen en geleer het, en waarheen en hoe Ek gegaan het.